Inligting vir Posslag 9 Mei 2010

- **Voorblad**.. datum 9 Mei
- **Geen polsslag** (verwyder)
- **Welkom** (bo aan eerste kolom) herhaal
- **Op die Web (**verwyder)
- **Kerkterrein**: (verwyder)
- **Kleingroep** opleiding direk na die erediens in die kerk.(herhaal)
- **Kollekte** gaan by die deure vir **Emeritaatsversorging** en volgende week vir **Bybelverspreiding.** Verlede week se kollektes was **DVB. R4855** en **Dankbaarheidsfonds R1773**
- **Dienstye.** (bo aan 2de kolom) herhaal
  Diensbeurte hierdie week Wyke 7,8,9,10
  Volgende week Wyke 11,12,13,14

- **DAG VAN VEROOTMOEDIGING EN GEBED : SONDAG 9 MEI 2010**

In die lig van die geweld, onrus en misdaad in Suid-Afrika, word alle kerke in die GKSA opgeroep om vandag as 'n dag van verootmoediging en gebed uit te roep waartydens ons ons voor die Here verootmoedig en waartydens ons ook bid, vir hoop; vir krag om dade van liefde, versoening en geregtigheid uit te leef; vir die handhawing van reg; en vir die owerheid van Suid-Afrika in al sy gestaltes.
Die kerkraad het besluit dat ons gemeente aan hierdie oproep gehoor sal gee deur tydens die erediens onsself voor God te verootmoedig in gebed.

- **Bybelverspreiding (**vervang)

Ons het verlede week berig van 'n groot skenking vir Bybels in Zimbabwe (R 47 000). Daar was ook ander bydraes, wat ons met groot dank erken en daar sal vir alle bydraes vir Bybels wel Bybels aangekoop word en uitgedeel word in Zimbabwe. Ons het ook 'n skenking ontvang om te help om die brandstofkoste en logistieke koste te help delg. Baie dankie ook aan hierdie gesin vir die bydrae. Dit is werklik wonderlik om te sien hoe die Here deur sy kinders sorg vir sake wat ewigheidsbetekenis het en ons hartlike dank aan almal wat tyd en geld aan die saak spandeer. Aan God al die eer!

- Attestaat ontvang van Xander Smith van die Gereformeerde Kerk Kemptonpark

- **Nagmaal ete 16 Mei.** Na die erediens by die kerk.

  Spyskaart: voorgereg sop en broodjies; hoofgereg bebotie en geelrys; nagereg sjokoladekoek en koffie. Bring eie drinkgoed, eetgerei en stoele.

  Skryf asb jou naam op in die boek beskikbaar op die teetafel na die diens.

- **Lief en Leed.**

  Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

- Gerrie van Jaarsveld (0829700684) het weer 'n nieroperasie ondergaan en is steeds in Linmed.
- Rita Hall (0722726040) is tuis nadat sy in Linmed gehospitaliseer was na 'n erge epilepsie-aanval verlede Sondagoggend.
- Ons dink aan Jan van Jaarsveld (078 743 1232) met wie se gesondheid dit nie aldag lekker gaan nie. Hy het weer ondersoeke by Unitas-Hospitaal in Centurion ondergaan.
- Oom Ryno Verster is tans vir 'n paar dae in die 'Frail Care' Versorgingsafdeling van Rynpark 1.
- Baie geluk aan Leoni du Plessis en Rozaan Peenze met hulle onderskeie swangeskappe

- **Voet van Blad 1 (**herhaal)

- **Bydraes bankbesonderhede:** (herhaal)

- **NOG 38 DAE TOT BY ONS "FOUNTAIN'S CYCLE RACE"!!!**

Die reëlings vir die fietsresies, wat ons op 16Junie vir die 9de keer aanbied, is in volle swang.
Die hoofdoel is om koinonia in die gemeente te bevorder. Dit skep geleenthede vir elke lidmaat om op een of ander manier betrokke te raak, wat ookal jou gawe of belangstelling is. GIEL DE BRUYN (0828883219) kan jou gebruik as beampte op die pad om die verkeer te reël vir die veiligheid van die fietsryers.
JAAP SMIT (0828035728) soek nog hulp om die 1,000 (?) fietsryers op die terrein te beheer.
As jy liewer in die kostent wil help is VALDA GOUWS (0829609688) die kontak persoon.
VERONICA V.D. WATEREN (0842472321) wag vir jou oproep om met die inskrywings te help.
Vir enige ander inligting i.v.m. die fietsren, kontak vir WALTER BUMA (0824492850).
MOENIE LANGER UITSTEL NIE . SKAKEL VANDAG NOG!!!

ONS BENODIG DRINGEND NOG 14 BEAMPTES EN 6 DRYWERS VAN SWEEP VEHICLES KONTAK ASB VIR GIEL EN 10 PERSONE OM OP DIE TERREIN TE HELP KONTAK ASB VIR JAAP ASOOK 10 PERSONE OM MET DIE INSKRYWINGS TE HELP KONTAK ASB VIR VERONICA

- Praatjies en Kursusse (verander)
  Hou die kennisgewingborde dop vir kursusse en praatjies
- **Skenking gevra** (verwyder)
- **Polsslag inligting (**herhaal)
- **Afhanklikheidsdiensgroep (verwyder)**

- **Op die program:**

Maandag:	Bybelstudie Rynpark 9:30
	Rondom die kerk 19:00
	Depressie ondersteuning 19:00 (kerk)
Dinsdag:	Bybelstudie 18:30
	Bybelstudie 19:00
Woensdag:	Smal Kerkraad en Diakonie 19:00
Donderdag:	Hemelvaartdiens 19:00
Vrydag:	Gebedsgroep 5:30
	Bybelstudie 8:30

13 Mei is Hemelvaart.
Gesamentlike hemelvaartdiens, Donderdag om 19:00 in ons kerkgebou.
16 Mei 2010 nagmaalsete vanaf 12 uur by kerkgebou .
23 Mei is Pinkstersangdiens almal word genooi om dit bytewoon, asgevolg daarvan sal daar geen jeugdiens wees nie en die katkisasie klasse sal om 5:30 wees.

- **Klanktoerusting, klank vir funksies, en CD's. (verwyder)**

- **Verjaardae: (**die doop lidmate haal ons uit en voeg by die jeug)

9 Mei RENÉ BOSCH 0825643277
9 Mei LINDA DAMONS 0732285620
9 Mei STEPHAN POTGIETER 0833058024
9 Mei MARCEL VAN ZYL Tel werk: 0837501066
10 Mei MISHCA JOHNSON (Doop) 011 421 5427
10 Mei DINIE VEENSTRA 0823505863
**11 Mei BERTIE VAN DER MERWE 074 816 6730

11 Mei LOUIS VAN ZYL (Doop) 011 849 2175
*12 Mei HELENA JANSE VAN RENSBURG 011 969 2372
14 Mei TERSIA BEZUIDENHOUT 0846530381
14 Mei J P BEZUIDENHOUT (Doop)
*14 Mei DICK KRUGER 0832295383
14 Mei ELIZMA LOURENS 0837198253

(Laat die beroepe ontvang aanvaar en bedank uit as daar nie plek is nie, nog niks ontvang!)

- **Beroepe ontvang**.

* Dr J Pretorius van Linden na Krugersdorp-Oos.

- **Beroepe bedank.**

Dr JH Howell van Heidelberg na Pretoria-Meintjeskop.

VANAF DIE KERKRAADSTAFEL

DR SAREL TERUG VAN VERLOF (verwyder)
VERKOOP VAN FARRARMEREGEBOUEKOMPLEKS(verwyder)
BEGROTING 2010 – 2011 (verwyder)
DR DICK STEYN (verwyder)
MET ATTESTASIE VERTREK(verwyder)
HULP AAN STUDENTE(verwyder)
RONDOM DIE KERK (verwyder)
GEMEENTEKAMP(verwyder)

(Jeugblad)

- Die 13de sal daar nie jeug bybelstudie wees nie agv die hemelvaartdiens,

- Op 14 Mei gaan die hoërskooljeug Ten Pin Bowling speel (oorkant Carnival City). Dit kos R90 per kind, wat behels dat jy 3 ure lank kan speel en ’n gratis hamburger en koeldrank kry. Almal wat wil saamgaan moet asb hulle name by Herman opgee.

- Die woensdag kleingroeppie gaan soos gewoonlik aan asook die jeug op donderdag, die mielie-meel projek ook, ons beplan om die 22 Mei te gaan uitdeel.

Die agterblad:

Predikante se liturgie

OGGENDDIENS	**AANDDIENS**
Lees: Jesaja 2:1-5	**Lees:** Ps 126:1-6
Teks: Jesaja 2:2-3	1 Petrus 1:3-9
	HK Sondag 1
Tema: Koers deur die “chaos”	**Teks:** Ps 126: 1 Petrus 1:5-6
	Tema: Al huilende getroos